

<i><u>HOOFSTUK 7 GESINSGEWELD EN BESKERMINGSBEVEL</u></i>	1
<u>INLEIDING</u>	1
<u>WAT IS GESINSGEWELD?</u>	2
<u>WAT IS 'N GESINSVERHOUDING?</u>	2
<u>BESKERMINGSBEVEL</u>	3
<u>HOE WORD 'N BESKERMINGSBEVEL BEKOM?</u>	3
<u>BELANGRIKE INLIGTING OM IN TE DIEN BY DIE AANSOEK OM 'N BESKERMINGSBEVEL</u>	4
<u>MOONTLIKE REDES VIR 'N BESKERMINGSBEVEL</u>	5
<u>GEVOLGE INDIEN DIE BEPALINGS VAN DIE BESKERMINGSBEVEL NIE NAGEKOM WORD NIE</u>	5
<u>TEISTERING</u>	6
<u>WATTER GEDRAG WORD AS TEISTERING BESKOU?</u>	6
<u>BESKERMING VAN DIE WET TEEN TEISTERING:</u>	6
<u>HOE WORD 'N BESKERMINGSBEVEL TEEN TEISTERING BEKOM?</u>	7
<u>DOEL VAN DIE WET OP BESKERMING TEEN TEISTERING</u>	7
<u>KRISISPLAN IN DIE GEVAL VAN GESINSGEWELD</u>	7
<u>NUTTIGE KONTAKNOMMERS</u>	8

HOOFSTUK 7

GESINSGEWELD EN BESKERMINGSBEVEL

INLEIDING

Die Wet op Gesinsgeweld (No. 116 van 1998) het op 15 Desember 1998 in werking getree. Die doel van hierdie wet is om slagoffers teen gesinsgeweld te beskerm.

Dit stel 'n prosedure daar vir 'n persoon om aansoek te doen om 'n beskermingsbevel by die hof.

Die wet verwys na die persoon wat die aansoek bring as die "klaer" en die persoon wat 'n daad van gesinsgeweld gepleeg het as die "respondent".

WAT IS GESINSGEWELD?

Die volgende handeling word beskou as daad van gesinsgeweld:

- fisieke mishandeling;
- emosionele mishandeling;
- verbale- en sielkundige mishandeling;
- ekonomiese mishandeling;
- seksuele mishandeling.

Die wet brei ook die definisie uit na intimidasie, teistering, agtervolging en skade aan eiendom.

Die wet vereis dat die klaer en die respondent in 'n gesinsverhouding moet wees of moes gewees het.

WAT IS 'N GESINSVERHOUDING?

'n Gesinsverhouding is die verhouding tussen 'n klaer en 'n respondent op enige van die volgende maniere:

- Hulle is of was met mekaar getroud, insluitend 'n huwelik volgens enige wet, gebruik of godsdiens.
- Hulle (hetsy hulle van dieselfde of van die teenoorgestelde geslag is) saamwoon of in die verlede saamgewoon het volgens die bepalings van 'n huwelik, maar is nie met mekaar getroud nie.
- Hulle is die ouers van 'n kind.
- Hulle is die persone wat ouerskapsverantwoordelikheid vir die kind het of gehad het (hetsy op dieselfde tyd of nie).
- Hulle is familieledede wat verwant is deur middel van bloedverwantskap, aanverwantskap of aanneming.
- Hulle is of was verloof, in 'n verhouding of 'n gebruikelike verhouding insluitend 'n werklike of veronderstelde romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige duur.
- Hulle deel of het onlangs dieselfde woning gedeel.

Die begrippe “gesinsverhouding” en “gesinsgeweld” word dus breedvoerig omskryf in die Wet op Gesinsgeweld sodat die wydste moontlike beskerming aan slagoffers van gesinsgeweld verleen kan word.

- As u 'n slagoffer van gesinsgeweld is en 'n beskermingsbevel vir u eie fisieke en emosionele welstand benodig, moet u so spoedig moontlik regsadvies inwin.
- Bystand deur 'n prokureur of die regshulpkliniek in 'n aansoek om 'n beskermingsbevel sal verseker dat die vereistes behoorlik nagekom word en dat die nodige en korrekte inligting in die aansoek weergegee word.
- 'n Slagoffer kan ook in sy of haar persoonlike hoedanigheid die hof nader. Die klerke van die gesinsgeweldhof sal u bystaan.
- Dit is ook belangrik om regsadvies en regsverteenvoording te bekom indien 'n beskermingsbevel téén u versoek word, omdat die proses misbruik kan word en so 'n bevel, wanneer toegestaan, ernstige gevolge vir die kriminele rekord van die respondent kan inhou.

BESKERMINGSBEVEL

'n Beskermingsbevel kan beskryf word as 'n tipe hofbevel wat vereis dat partye sekere handeling moet verrig, of nie moet verrig nie. Hierdie bevel word deur die hof toegestaan om sekere billike regstappe toe te staan, byvoorbeeld:

- Geen persoon mag 'n handeling uitvoer wat op gesinsgeweld neerkom nie.
- 'n Persoon wat geld verskuldig is, soos huur-, verband- of onderhoudsgelde, dit moet betaal.
- 'n Persoon moet vuurwapens of gevaarlike wapens aan die polisie oorhandig indien daar 'n risiko bestaan dat die persoon hierdie wapens kan gebruik om leed aan ander te doen.

HOE WORD 'N BESKERMINGSBEVEL BEKOM?

Indien dit nodig is om uself deur middel van 'n aansoek om 'n beskermingsbevel te beskerm, moet u van die volgende aspekte kennis neem:

- Maak seker dat die hof jurisdiksie in u woongebied het.
- Kontak die hof om seker te maak op watter dae aansoeke om 'n beskermingsbevel gedoen word, omdat baie howe net op sekere dae hierdie aansoeke hanteer, tensy u aansoek dringend is en u voel dat u lewe bedreig word.
- Voor die verkryging van 'n beskermingsbevel moet u aansoek doen om 'n tussentydse beskermingsbevel.
- Die tussentydse bevel bepaal die datum waarop die finale bevel oorweeg sal word.
- Sodra die finale bevel gemaak is, is dit van krag en kan dit slegs verander word indien u só 'n aansoek tot die hof rig.

- Sodra 'n tussentydse bevel toegestaan is, moet 'n afskrif van sodanige bevel op die respondent beteken word deur die polisie of 'n balju van die hof.
- Die respondent het dan die geleentheid om die saak te verdedig teen die keerdatum, en die landdros het die diskresie om dit 'n finale bevel te maak of nie.

BELANGRIKE INLIGTING OM IN TE DIEN BY DIE AANSOEK OM 'N BESKERMINGSBEVEL

Dit is belangrik dat daar soveel moontlik inligting aan die hof gegee word wanneer aansoek om 'n beskermingsbevel gedoen word. Volg die volgende riglyne:

- Dokumenteer alle insidente van gesinsgeweld. Datums en tye van insidente is belangrik.
- Maak seker u het u identiteitsdokument byderhand tydens die aansoek;
- Bekom alle relevante inligting oor die persoon teen wie die beskermingsbevel gemaak moet word, insluitend die volgende:
 - sy/haar huisadres;
 - telefoonnommers;
 - identiteitsnommer.

Die volgende is nie 'n vereiste nie, maar sal nuttig wees:

- foto's in die geval van fisieke mishandeling - die landdros sal derhalwe 'n beter begrip vir u lyding hê;
- 'n foto van die beweerde oortreder – dit kan die polisie help om hom/haar uit te ken wanneer die beskermingsbevel op hom/haar beteken moet word;
- dokumentasie wat bewys dat goedere wat beskadig is, aan u behoort;
- foto's van die geweld aan eiendom of goedere;
- indien moontlik, briewe van professionele persone wat die mishandeling bevestig;
- beëdigde verklarings van persone wat ooggetuies van die mishandeling was;
- 'n J88-vorm wat deur 'n dokter voltooi is:
 - Die J88-vorm het 'n tekening van 'n mens se liggaam daarop.
 - Nadat die dokter die klaer ondersoek het, word die beserings op die skets aangedui.
 - Die J88-vorm is waardevolle getuienis in die hof.
 - U kan 'n J88-vorm by u naaste polisie-stasie bekom;
 - Indien u 'n tydelike beskermingsbevel het, neem dit saam na die polisie-stasie.
 - Indien die polisie u nie van 'n J88-vorm kan voorsien nie, kan u dit by die klerk van die hof waar die tydelike beskermingsbevel uitgereik is, bekom.

- Neem die J88-vorm na 'n dokter toe wat u beserings sal ondersoek en die vorm sal voltooi.
- Maak twee afskrifte van die J88-vorm en handig een by die polisiestatie in en bewaar die ander kopie.

MOONTLIKE REDES VIR 'N BESKERMINGSBEVEL

U hoef nie 'n kriminele klag te lê om 'n beskermingsbevel te bekom nie.

Indien u 'n slagoffer is van enige vorm van gesinsgeweld wat ook as 'n misdaad gekwalifiseer word, kan daar aansoek gedoen word om 'n beskermingsbevel, 'n kriminele klag, of beide.

Sommige voorbeelde van gesinsgeweld wat ook as misdade gedefinieer is, sluit in:

- gewone aanranding;
- verkragting;
- bloedskande;
- poging tot moord;
- die mishandeling van diere.

GEVOLGE INDIEN DIE BEPALINGS VAN DIE BESKERMINGSBEVEL NIE NAGEKOM WORD NIE

- Indien die respondent die voorwaardes van die beskermingsbevel verbreek, het die oortreder 'n misdaad gepleeg.
- Hy sal gestraf word vir die misdaad van minagting van die hof.
- Dit geld selfs al is die oortreding nie 'n werklike misdaad, soos manipulerende gedrag, nie.
- Indien die verbreking op sigself 'n misdaad is, soos aanranding, kan die oortreder vervolgt word vir minagting van die hof sowel as aanranding.
- Indien die respondent, die bepalings van die bevel oortree, moet u die polisie onmiddellik daarvan in kennis stel. Die polisie sal dan voortgaan om hom/haar te arresteer.
- Dit is belangrik om daarop te let dat sodra 'n landdros 'n tussentydse beskermingsbevel toestaan, die dossiernommer in u identiteitsdokument aangebring sal word om te verseker dat die polisie bewus is van die aangeleentheid indien sake versleg.
- Dit is ook belangrik dat u sal terugkeer na die hof op die keerdatum, want indien u versuim om dit te doen, sal die landdros die tussentydse bevel ophef en die saak sal van die rol geskrap word.

TEISTERING

Voor die inwerkingtreding van die Wet op Beskerming teen Teistering (No 17 van 2011) op 27 April 2013 was die verkryging van 'n beskermingsbevel teen teistering 'n langdurige en duur proses. Die situasie het egter sedertdien drasties verander.

Een van die belangrikste oorwegings wat bygedra het tot die inwerkingtreding van die wet was om behoeftiges persone wat nie 'n prokureur kan bekostig nie, tegemoet te kom.

In een van die eerste sake waar 'n bevel kragtens hierdie wet toegestaan is, het dit slegs vyf ure geneem om die bevel te verkry en dit teen minimale moeite en koste.

WATSE GEDRAG WORD AS TEISTERING BESKOU?

Voordat 'n aansoek om 'n beskermingsbevel oorweeg word, moet daar egter vasgestel word watse gedrag as teistering beskou kan word:

Teistering word oor die algemeen beskryf as optrede wat volgens die oordeel van 'n redelike persoon, waarskynlik sielkundig, geestelik, fisiek of ekonomies vir die slagoffer beledigend en skadelik kan wees. Die volgende is voorbeelde van teistering:

- afloer;
- agtervolging;
- die aanhoudende stuur van SMS'e, e-posse of briewe wat die effek van bedreiging of afpersing het.

Nietemin moet daar fyn onderskeid getref word tussen boodskappe in die middernagtlike ure wat as 'n liefdesverklaring beskou kan word en middernagtlike boodskappe wat seksueel van aard is en verleentheid veroorsaak.

Die inwerkingtreding van hierdie nuwe wet beteken dat "kuberboelies" ook aangekla en vasgetrek kan word voordat hulle iemand skade berokken. Kuberboelies is gewoonlik mense wat eksplisiete video's of foto's van ander sonder hul toestemming op sosiale netwerke plaas.

BESKERMING VAN DIE WET TEEN TEISTERING:

Die Wet op Beskerming teen Teistering bepaal ook dat daar selfs 'n beskermingsbevel teen teistering verkry kan word, al is die identiteit van die teisteraar onbekend. In so 'n geval sal die hof gelas dat die polisie ondersoek instel ten einde die identiteit van die teisteraar vas te stel. Dit weerspieël 'n belangrike beweegrede agter die inwerkingstelling van die Wet.

Snelle tegnologiese ontwikkeling het meegebring dat elektroniese teistering baie maklik is. Hierdie vorm van teistering vind veral onder skoolkinders plaas en is 'n effektiewe metode van intimidasie en bedreiging. In sulke gevalle sal die hof ook die elektroniese diensverskaffer gelas om die identiteit van die oortreder bekend te maak.

Hierdie wet is ook ontwerp om dieselfde vinnige aansoek om 'n beskermingsbevel wat vir algemene teistering geld, op elektroniese teistering van toepassing te maak.

HOE WORD 'N BESKERMINGSBEVEL TEEN TEISTERING BEKOM?

Die metode om 'n beskermingsbevel teen teistering te bekom, is soos volg:

- Wanneer u seker is u word geteister, kan u bloot 'n beëdigde verklaring by die naaste landdroshof aflê (die hof moet egter geleë wees binne die gebied waar die teistering plaasgevind het of binne die gebied waar die teisteraar woon).
- Let daarop dat die bevel tydelik van aard sal wees en slegs toegestaan sal word indien die teisteraar se optrede u bedreig of u skade berokken.
- Die volgende stap is 'n aansoek om 'n permanente beskermingsbevel.
- Die aansoek word dan op die teisteraar beteken om hom/haar te verwittig van die datum waarop die aansoek om die finale bevel deur die hof aangehoor gaan word.
- Indien die bevel permanent gemaak word en die teisteraar met sy/haar optrede voortgaan, kan die polisie se hulp gevra word.
- In so 'n geval sal die teisteraar in hegtenis geneem word en gestraf word met 'n boete of gevangenisstraf wat nie vyf jaar oorskry nie.
- Sou iemand 'n vals klag van teistering lê, kan hy/sy op dieselfde wyse as hierbo verkla word.

DOEL VAN DIE WET OP BESKERMING TEEN TEISTERING

Die doel van hierdie wet is die volgende:

- om teistering te bekamp;
- om as hulpmiddel te dien vir behoeftiges wat nie regshulp kan bekostig nie;
- die beskerming van kinders - teistering word veral ernstig geag wanneer dit by kinders kom, aangesien ons Grondwet die beste belang van 'n kind baie hoog ag;
- om beskerming teen teistering daar te stel deur 'n vinnige en goedkoop proses.

Dit is dus elke persoon se plig om homself/haarself of sy/haar kind teen teistering te beskerm deur dit aan te meld by die klerk van die naaste landdroshof om 'n beskermingsbevel te bekom.

KRISISPLAN IN DIE GEVAL VAN GESINSGEWELD

Indien u aan die risiko van gesinsgeweld blootgestel word, is dit belangrik om 'n krisisplan gereed te hê:

- Verseker dat u foon altyd byderhand en gereed vir gebruik is.

- Hou altyd 'n lys van noodnommers byderhand.
- Indien u in 'n beskermingsbevel het, maak seker dat die mense wat u gereeld besoek, byvoorbeeld familie/bure 'n kopie daarvan het.
- Versteek geld op 'n veilige plek indien u die huis vinnig moet verlaat.
- Sorg dat u 'n ekstra stel sleutels vir die huis en motor het.
- Indien moontlik, sorg dat u 'n stel klere vir uself en u kinders gepak het wat op 'n veilige plek is, soos byvoorbeeld by die bure.
- Indien u van voorneme is om u gade/saamleefmaat te verlaat, doen dit terwyl hy/sy nie daar is nie.
- Maak seker dat u al u noodsaaklike dokumente soos identiteitsdokument, mediese kaart en bankkaarte in u besit het.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS

Departement van Justisie – Bevordering van die regte van kwesbare groepe, Gauteng: Pretoria	012 315 1458 www.justice.gov.za
Ukukhanya (Somerset-Wes)	021 850 0061 ukukhanya.reception@gmail.com https://www.facebook.com/ukukhanya
Lifeline	011 422 4242 of 0861 322 322 lifelineoffice@gmail.com
Domestic violence Helpline	0800 150 150
Kinderlyn	0800 055 555
Gesinsgeweld SAPS	012 393 2363 072 804 5210 info@familylawclinic.org.za
The Open Door Crisis Care Centre - Pinetown	084 409 2679